# adolessente betrokke by SATANISME wat geestesgesondheidsprobleme ondervind

**H. Heathcote**
M.Cur (Psigiatriese Verpleegkunde)
**RAU**
&
**A. Gmeiner**
D.Cur (Psigiatriese Verpleegkunde)
**Senior Lektor, RAU**
&
**M. Poggenpoel**
Ph.D. (Psigiatriese Verpleegkunde)
**Professor: Verpleegkunde, RAU**

## ABSTRACT

As far as the phenomena of adolescents previously involved with satanism that experience obstacles in the strive for mental health, no research has previously been done. Adolescents previously involved in satanism, presents behaviour problems like aggressive outbursts depression, "psychosis", or suicide attempts that can even lead to suicide. In the phenomena-analysis semi-structured, phenomenological interviews with the respondents and their parents, were performed. The respondents were requested to write a naive sketch about there life.After the data-control was done, guidelines for nursingstaff had been set. The guidelines are set for the management of adolescents that has previously been involved in satanism, and experiences obstacles in their strive for mental health. Interviews with experts in satanism was done, literature in the form of books, magazines and newsclippings were used to verify the findings in the research. The most important guidelines are that: the caregivers have to be reborn Christians; they are not allowed to show any fear or sympathy; they have to have sufficient knowledge about satanism; the adolescent has to be unconditionally accepted; the caregivers have to work in a team; the adolescents have to be taught to deal with their emotions.

**Adolescents previously involved in satanism, presents behaviour problems like aggressive outbursts depression, 'psychosis', or suicide attempts that can even lead to suicide**

## OPSOMMING

Navorsing oor die verskynsel van adolessente wat betrokke was by satanisme en struikelblokke ervaar in hulle strewe na hulle geestesgesondheid, is nog nie voorheen onderneem nie. Adolessente wat betrokke was by satanisme, presenteer met gedragsprobleme soos agressiewe uitbarstings, depressie, "psigose" of selfmoord-pogings wat selfs op selfmoord kan uitloop. In die verskynsel-analise is fenomenologiese onderhoude met die respondente en hulle ouers gevoer. Die respondente is gevra om 'n naïewe skets oor hulle lewe te skryf. Nadat die data-kontrole uitgevoer is, is riglyne opgestel vir verpleegkundiges, vir die hantering van die adolessent wat betrokke was by satanisme en stuikelblokke ervaar in hulle strewe na hulle geestesgesondheid. In die data-kontrole is gesprekke met kundiges gevoer, literatuur (boeke, tydskrifte en koerantuitkipsels) is nageslaan om die waarheid van die navorsing te bewys. Die belangrikste riglyne aan die verpleegkundiges is, dat die hulpgewers: wedergebore Christene moet wees; hulle moet geen vrees wys nie; hulle moet nie simpatie wys aan die adolessente nie; hulle moet oor kennis van satanisme beskik; die adolessent moet onvoorwaardelik aanvaar word; die hulp-gewers moet in 'n span saamwerk en die adolessent moet geleer word om emosies te hanteer.

*Navorsing*

## NLEIDING

Betrokkenheid by satanisme veroorsaak op elke gebied van geestesgesondheid 'n probleem. Dwelm-, en alkoholmisbruik, dieremishandeling en doodmaak van diere tydens rituele, skending van grafte en lyke, seksuele wanpraktyke, moord en selfmoord, kindermolestering en vele ander sosiopatologie tree te voorskyn.

Die CITIZEN berig op 23 September 1992 van 'n sestienjarige dogter en haar vriend, albei erkende sataniste, wat haar moeder vermoor het.

Sy beweer dat satan haar gedwing het om voort te gaan met die moord, dat sy wou ophou, maar nie daarin kon slaag nie.

DIE HUISGENOOT vertel op 10 Augustus 1995, van 'n onderhoud wat gevoer is met 'n weerlose jong vrou, wat wreed aangerand, verkrag en vir dood agtergelaat is, deur twee sataniste.

Die psigiatriese verpleegkundiges en ander verpleegkundiges, word dikwels gekonfronteer met adolessente wat probleme ervaar in hulle strewe na hulle geestesgesondheid.

Soms reageer adolessente nie op medikasie of terapie nie. Met verdere navraag word dikwels vasgestel dat sommige van hierdie adolessente voorheen betrokke was by satanisme.

Satanisme is nog nooit werklik deur die mediese professie, as 'n bydraende faktor tot geestesgesondheidsprobleme, erken nie.

## ROBLEEMSTELLING

Geen vorige wetenskaplike studie is aangepak om die verskynsel van die adolessent wat voorheen betrokke was by satanisme en struikelblokke ervaar in hulle strewe na geestesgesondheid, te verkene en te beskryf nie.

In die Vaaldriehoek streek is daar toenemende satanistiese aktiwiteite en bewustheid daarvan.

Die effek daarvan is merkbaar in die verwysings wat die hospitaal, okkulttak en psigiatriese gemeenskapsdienste ontvang.

Die verpleegkundiges het nie riglyne waarvolgens hulle kan optree om hierdie groep adolessente by te staan nie.

### Gebaseer op die bogenoemde het die studie die volgende ten doel:

Die oorkoepelende doel is die verkenning en beskrywing van die verskynsel van die adolossent wat betrokke was by satanisme en struikelblokke ervaar in sy/haar strewe na geestesgesondheid. Hierna sal riglyne vir die verpleegkundige met betrekking tot die hantering van hierdie adolessente beskryf word.

## AVORSINGSONTWERP EN -METODE

Die navorsingsontwerp is kwalitatief, verkennend, beskrywend en kontekstueel van aard (Mouton en Marais, 1992:45, 52-53, 59 & Denzin & Lincoln, 1994:210).

'n Verskynsel-analise ontwerp is gevolg, waartydens twee respondente doelgerig gekies is op grond van hulle ervaring en betrokkenheid by satanisme.

Die navorser het gepoog om twee adolessente in te sluit, maar as gevolg van geheimhouding en gebrekkige egosterkte by adolessente wat betrokke was by satanisme, is die tweede respondent gekies op grond van haar betrokkenheid en ervaring in satanisme.

Sy is reeds sewe en twintig jaar oud. Sy was betrokke in satanisme vanaf die ouderdom van ses weke tot een en twintig jaar oud.

Die navorsing is in twee fases aangepak. In fase een is fenomenologiese onderhoude met die respondente gevoer, wat op audioband opgeneem en woord vir woord getranskribeer is. Onderhoude is met 'n ouer van elke respondent gevoer, wat op dieselfde wyse hanteer is. Elke respondent is versoek om 'n naïewe skets te skryf oor sy lewe, as deel van die data-insameling.

Slegs die een respondent het dit gedoen, die ander respondent is terug na satanisme voordat sy dit kon doen. Refleksiewe veldnotas is deur die navorser bygehou, wat as deel van die data-insameling gedien het (Woods & Catanzaro 1988:283).

Data-verwerking is deur 'n beskrywende analise volgens Tesch (in Creswell, 1994:155) gedoen. 'n Onafhanklike mede-kodeerder is gevra om volgens die ooreengekome protokol, 'n onafhanklike data-analise te doen, waarna die navorser en die onafhanklike mede-kodeerder konsensus gesprekke gevoer het. Gesprekke met kundiges van satanisme, en 'n literatuurkontrole het as datakontrole gedien.

Die studie is gedoen vanuit 'n Judeo-Christen beskouing volgens die Oral Roberts University (1990:136-142), waaruit die Verplegingsteorie vir Mensheelheid sy ontstaan het. Die Botes-navorsingsmodel (1989:1-283) is gevolg waarin klem gelê word op die funksionele denkbenadering, hierdie studie sal dus ook riglyne beskryf vir operasionalisering in die verplegings-praktyk.

In fase twee is riglyne beskryf wat afgelei is uit die resultate van fase een vir verpleegkundiges wat hierdie groep adolossente ondersteurn in die bevordering, handhawing en herstel van hul geestesgesondheid as integrale deel van gesondheid.

### Vertrouenswaardigheid

Lincoln & Guba(1985:218-331) se vier strategië vir vertrouens-waardigheid is gevolg. Die navorser het verlengde blootstelling oor 'n tydperk van ten minste agt maande aan die navorsingsveld gehad.

Sy het refleksiewe veldnota's bygehou wat deel gevorm het van die data-insameling.

Triangulering van data-insameling en data-kontrole is uitgevoer. 'n Digte beskrywing van die data, deur die navorser, verskaf die nodige inligting aan ander navorsers, indien hulle oordraagbaarheid wil bewys. Bevestigbaaarheid is verseker deur 'n "audit-trail".

Die navorser het haarself in hakkies geplaas en die veld vanuit 'n "nie-weet" posisie binnegegaan.

## OODSTUDIE EN DATA-INSAMELING

Een sentrale vraag is aan die respondente gevra. 'n Loodstudie is uitgevoer om te bepaal of die sentrale vraag korrek geformuleer is.

Die loodstudie is uitgegooi aangesien ander temas in die gesprek ingebring is. Die vraag was egter korrek geformuleer.

Die navorser het kriteria gestel waarvolgens die respondente doelgerig en gerieflik gekies is:

- die respondente moes ten minste twee jaar woonagtig in die Vaaldriehoek wees;
- moes apsigoties wees;
- moes Afrikaans of Engels begryp, lees en skryf;
- moes aktief betrokke gewees het by satanisme;
- moes ten volle gebreek het met satanisme;
- moes gewillig wees om met openheid deel te neem aan die navorsing; en
- moes struikelblokke ervaar in hulle strewe na hulle geestesgesondheid.

Sien tabel 1 vir data-bronne en data-insamelings metodes.

### Etiese riglyne gevolg

Ingeligte, skriftelike toestemming is verkry van al die betrokke persone.

Aanvaarde maatreëls om anonimiteit en vertroulikheid te verseker het prioriteit geniet in die lig van die sensitiwiteit van die navorsingsonderwerp. Die resultate van die navorsing is

beskikbaar gestel aan die deelnemende adolessente. Alle audiobande, behalwe diè wat uitdruklik met toestemming gehou kan word, is vernietig na afloop van die navorsing (Denzin & Lincoln, 1994:212)

***Tabel I: Data-bronne en insamelingsmetodes***

| DATA-BRONNE | DATA-INSAMELINGSMETODES |
|---|---|
| Adolessent wat betrokke was by satanisme en struikelblokke ervaar in strewe na geestesgesondheid. | Fenomenologiese onderhoude |
| Gesin van adolessent | Naïewe sketse geskryf deur die adolessent. |
| Belangrike persone vir die adolessent. | Waarneming deur navorser en byhou van refleksiewe veldnota's. |

## ATA-ANALISE

Die data-analise is volgens Tesch (in Creswell, 1994:155) se agt stappe van data-analise, gedoen. Die navorser en die onafhanklike mede-kodeerder het die data-analise eers apart gedoen en toe konsensus gesprekke gevoer.

Na die data-analise is tot konklusies en inferensies gekom.

## ATA-KONTROLE

'n Data-kontrole is gedoen om die geldigheid en betroubaarheid van die studie te verhoog. Sien tabel 2.

In die tweede fase is die temas van die eerste fase geneem, inaggenome die inligting verkry uit die data-kontrole, en riglyne is afgelei vir verpleegkundiges wie hierdie groep adolessente bystaan.

## ESULTATE EN DATAKONTROLE

Die onderhoude was besonder lank en baie woorde is deur die respondente gebruik. Die navorser en die onafhanklike mede-kodeerder het die betekenis daarvan bevraagteken.

Die moontlike betekenisse kan wees dat die respondente hulle stem teruggekry het, of dat baie woorde juis gebruik is om afstand te plaas tussen die navorser en die respondent. Die tema's van die respondente se leefwêreld, word saamgevat in tabel 3.

### Realiteite en verwarring (confusion)

Die adolessent wat betrokke was by satanisme het 'n ander realiteit as diè wat nie daarby betrokke was nie. Albei adolessente het verskeie kere van *confusion* gepraat, en dat hulle nie weet watter reëls geld nie. *"Reality. What is reality? Normality? What is normality? The reality my reality was a life filled with sight and experiences of a spirit dimension"*, verwoord die een respondent haar realiteit.

Die ander adolessent vertel van haar verwarring:*"...what I thought is right is now wrong, what I thought is wrong is now right and all these things ... is a lot of confusion, when you're in and when you're out."*

Superintendent Rabalt het in die kontrole gesprek verwys na die verskillende realiteite:*"... hy moet sy vrees sien as realiteit - hy moet daarteen opstaan".*

***Tabel 2: Data-kontrole***

| DATA-BRONNE | INSAMELINGSMETODES |
|---|---|
| Polisie-okkulttak | Onderhoude |
| Media/tydskrifte/koerante | Literatuursoektog |
| Ander navorsing uitgevoer | Soos verkry by RGN |
| Boeke | Geskryf deur kundiges |

***Tabel 3: Die leefwêreld van adolessente voorheen betrokke by satanisme***

- Realiteite en verwarring (*confusion*)
- Brutaliteit/pyn/grusaamheid
- Bizarheid (*weird*), vreemde taal word gepraat/misdade en rituele
- Mag en beheer deur vrees met verlies van keuse
- Paranoia/wantroue/geheimhouding
- Nooit veilig nie/nooit ontslae van *persecution*
- Ontsê van toegang tot ma se liefde/onderdrukking van emosies/ verdedigingsmeganismes
- Dood en selfmoord (*deathwish*)
- Isolasie (*seperateness*)
- Emosionele uitputting
- Skuldgevoelens
- Ontnugtering
- *Rock*musiek (verkry van data-kontrole)

### Brutaliteit/pyn/trauma/ grusaamheid

Die brutaliteit en grusaamheid strek van menslike offerhandes, tot dierlike offerhandes en dissiplinering van die adolessente op die grusaamste wyses.

Die een adolessent vertel: " *Then there will be rituals that include human sacrifice, and the same measure of torment and torturing, they inflict upon animals, they'll do to children".*

Liefde word nie geduld nie. Ongehoorsaamheid word nie geduld nie. Fisiese pyn word beleef waar merke op hulle liggame verskyn, of hulle ervaar inwendige pyne wat nie medies verklaar kan word nie.

Gardiner(1991:11), skryf 'n grusame verhaal van 'n sestienjarige meisie. Sy vertel:"*'n Jaar later het hulle my gedwing om 'n aborsie te hê. Ek was ses maande swanger. Dit was seer. Toe het hulle my en my dooie baba na 'n heksevergadering geneem. ... Toe het hulle my gedwing om my baba te eet".*

### Bizarheid (weird), vreemde taal word gepraat/misdaad en rituele.

Die adolessent word gedwing tot deelname aan misdaad deur rituele: *"And to participate in like cannabilism ... uhm ...sex with the dead uh ... that kind of stuff you will find, beastiality, that's pretty much forced".*

Hulle brei uit oor die bizarheid en die vreemde taal wat gepraat word:"*... en ek het geweldige krag ook gehad. Ek kon dinge aan die brand steek met my oë, ek kon tafels beweeg, stoele beweeg ...".* Die adolessent het die vermoë om kontak te maak met die demone, en die demone met hulle, en die demone manifesteer in fisies vorm aan hulle: *"Ek het full-on contact met hulle gehad. I could see them, they would manifest even into a physical form, before me".*

Superintendent Rabalt het in meer detail ingegaan oor satanisme en misdaad wat rituele insluit: *"Ja satanisme is self nie 'n misdaad nie, maar wat gebeur is 'n misdaad.*

*Soos om grafitti op mure te spuit, ... is opsetlike saakbeskadiging, ... om ... bloed uit 'n kat, 'n lewendige kat, uit te haal ... is dieremishandeling, om die diere, of die kat se pote af te sny, selfs terwyl die kat hond ... hoenders of wat ookal nog lewe, dis dieremishandeling, aborsie word gepleeg, deur 'n fetus te laat afkom en dit te offer ..."*

Lourens, 'n pastorale berader, het meer te sê gehad oor die vreemde taal: " *... en nou dien hulle satan, en ewe skielik, al hierdie krag word aan hulle gegee, om byvoorbeeld 'n tafel op te lig, en jy staan aan die een kant van die kamer, en aan die ander kant tel jy die tafel op ..."*

### Mag en beheer deur vrees met verlies van keuse.

Die adolessent se reg op keuse word van hom af weggeneem, die oomblik dat hy/ sy satanisme gekies het: *"... daar was geweldige manipulasie en, beheer van vrees. Ek kan net sê, dat ek kan nie dink daar was ooit 'n tyd at any cult-meeting or ritual that there wasn't fear, intimidation, hurt or abuse".*

Superintendent Kobus Jonker(1996), het opgemerk dat vrees 'n belangrike rol speel in satanisme, asook by die wegneem van keuses by die adolessent: *" Daar ... vrees speel 'n baie groot rol, want hulle wil by elkeen 'n vreeskonsep daar plaas dat jy nie kan wegbreek uit die beweging nie."*

### Paranoia/wantroue/ geheimhouding.

Paranoia word geskep en versterk in die sataniese beweging. Niemand mag niemand vertrou nie, en daar mag ook geen vriende wees nie.

Die demoniese stemme dra by tot die adolessent se paranoia: *"They'll (demons), tell you like, I mean ... stupid things even, even if you sit down in a crowd full of people, they'll say "ja .... look at those people looking at you, they know, they know what you are, they know you're scum ...""*

Die demoniese stemme is anders as stemme in 'n psigose. Die demoniese stemme hou hulle geselskap, gee hulle raad en vertel hulle dinge van ander mense.

Malan (1992:15), merk op: *"Onder die sataniste heers daar presies die teenoorgestele gesindheid as onder Christene. Daar is geen liefde en onderlinge diensbetoning waarin die een die ander hoër ag as homself nie, maar gedurige agterdog, wedywering, intimidasie en gedwonge diens aan satan. Lede vernietig mekaar letterlik om bo uit te kom".*

Met inisiasie in satanisme, word 'n streng kode van geheimhouding aan die adolessent opgedwing. Die konteks van paranoia en geheimhouding lê in die eienskappe van demone en sataniste. Robbie(1996) se ervaring van die demone is: *"... want jy kan 'n bose gees - hoe sê ek, jy kan hom ruik, jy kan hom sien, jy kan hom hoor. So hy KAN jou afluister, nê."*

### Nooit veilig nie/nooit ontsiae van *persecution*

Wanneer 'n adolessent eers betrokke geraak het by satanisme, is hulle nooit weer veilig van agtervolging van die ander kultlede en satan nie. Hulle bly omkyk oor hulle skouer. Die een adolessent, het dit beleef: *"I could never leave the house on my own, they would, if I left the house, there was a ninety nine percent change, I'd be raped or beaten or something as soon as I get out of the house".*

Alhoewel hierdie aspek baie belangrik geag is deur albei adolessente en hulle ouers, het die boeke, literauur, en kundiges met wie kontrolegesprekke gevoer is, nie gedink dat dit eintlik noemenswaardig is nie.

Dit is terloops genoem deur superintendent Jonker:" *as ... die sataniste ... as jy weggebreek het ... hulle gaan jou mos nie los nie. Hulle gaan mos nou weer kom."*

### Ontsê van toegang tot ma se liefde/onderdrukking van emosies.

Emosies word uitgeblok. Die adolessent kan nie staande bly, indien hulle emosies of liefde ervaar nie. Die trauma wat hulle beleef is te groot. Hulle begin dissosieër en ontwikkel veelvuldige persoonlikhede. In satanisme word veelvuldige persoonlikhede vir eie gewin soos geheimhouding ontwikkel: *"... and I had to get the puzzle pieces together, so that I could get a picture of what I knew was actuallly going on and, at that stage uhm, I wasn't even aware that there were alters, or personalities, or dissociative identities, or whatever you call them".*

Nicolene(1996) het in haar praktyk te doen gekry met hierdie probleem van, nie in staat te wees om emosies te wys nie: *"En baie van hulle het 'n probleem met liefde ... en verstaan nie as 'n mens sê God het hulle lief nie ... en dan het hulle 'n baie harder benadering rondom dit ..."* en " *dan ... dissosieer jy die emosionele kant in 'n groot mate ... dat hulle nie die vrees voel nie, dat hulle nie die weersin voel nie, en ... en jy word eintlik iemand anders, jy word eintlik iemand sonder emosie ..."*

### Dood en selfmoord (*deathwish*)

Dood en selfmoord is intrinsiek verknoop aan satanisme. Deur die rituele, kom die adolessent in aanraking met die wreedste vorm van dood denkbaar.

Die adolessent wend dikwels selfmoordpogings aan of slaag met selfmoord. Hulle kan selfs tydens rituele sterf.

Hulle het 'n verlange om te sterf: *"I used to feel things, like I wanted to die, but I couldn't say why ... I wanted to die. And I used to pray, and I would say, Lord please kill me. I don't want to live, but I could never say why, I wanted to die."*

Lourens(1996), praat met groot piëteit oor die dood en selfmoord by die adolessent: *"... Hulle verloor alle lus en alle dryf om*

*aan te gaan, en selfs iets te maak van hulle lewe. Meeste van hulle eindig in selfmoord".*

### Isolasie (*seperateness*)

Deur hulle ander realiteit van satanisme, ervaar die adolessent altyd isolasie en verwydering van ander. Deur hierdie isolasie, versterk die satanisme hulle magsbasis onder die adolessente. Die een respondent beskryf haar isolasie: *"I am different. I have allways been seperate. Seperate from others."*

Nicolene (1996), laat haar hieroor uit: *"... hulle voel ook anders as ander mense, hulle voel soos 'n ... soos 'n ander spesie."*

### Emosionele uitputting

Emosionele uitputting en passiwiteit loop hand aan hand. Albei respondente en hulle ma's, het dit opgemerk en kommentaar daarop gelewer: *"I, I couldn't even stay awake for more than a few hours at a time ..."*, volgens die een respondent.

Brown(1991:153), het die emosionele uitputting self beleef: *"Jy sal gou die simptome van uitputting, pyn, depressie en ander kwale in jou fisiese liggaam herken as aanduidings dat jou geestelike liggaam in 'n verbete stryd betrokke is."*

### Skuldgevoelens

Veral die ouers ervaar geweldige skuldgevoelens oor hulle kinders se betrokkenheid: *"I struggled a great deal with those guiltfeelings ..."* en *"That (guiltfeelings), I got all the time because I was a bad mother, and it's my fault ..."*

Skuldgevoelens word nie dikwels in die literatuur genoem nie. Nicolene het dit genoem. Friesen(1992:90), wys dat die adolessent èn die ouer dikwels met skuldgevoelens rondloop: *"She (mother) had become depressed after finding out what had happened to her daughter that she was highly suicidal for a long time."*

### Ontnugtering

Albei ouers het hulle absolute verslae ontnugtering uitgespreek toe hulle uitgevind het van hulle kinders se betrokkenheid: *"...I had no concept of what was going on. It was only afterwards when she went for therapy, that I found out that it happened ... it*

*was a big schock for me ..."*

Daar is min verwysing na ontnugtering in die data-kontrole. Dit was net Nicolene (1996), wat dit bespreek het tydens die kontrole gesprek: *"Dis vir hulle die meeste van die tyd 'n baie groot skok. Hulle weet niks van satanisme af nie, hulle het nooit gedink hulle kind is betrokke in so-iets nie."*

### *Rock*musiek

Hierdie aspek het hoegenaamd nie enige aandag geniet in die gesprekke met die adolessente nie. Dit het verskeie kere duidelik vorendag gekom in die data-kontrole. Nie net het dit tydens kontrole-gesprekke herhaaldelik voorgekom nie, maar verskeie boeke is geskryf wat uitsluitlik handel oor satanisme en *rock*musiek.

Elaine vertel in Brown (1991:122,123) se boek hoedat *rock*sterre ingestem het om satan te dien, om in ruil daarvoor geld en roem te verkry. Sy vertel ook verder dat sy as hoëpriesteres na opname plate-ateljees gegaan het, en demoniese vloeke op elke plaat en kassetband geplaas het.

Soms het sy selfs demone opgeroep wat dan self op die plaatopnames praat, die sogenaamde boodskappe wat gehoor kan word, wanneer die plate agterstevoor gespeel word.

*"Baie van die liriek is in werklikheid beswerings wat demone oproep wanneer die liedjies gesing word. Die doel daarvan is tweërlei: eerstens om beheer uit te oefen oor die luisteraar, en tweedens, om die luisteraar met werklike beswerings te voorsien wat hy/sy kan gebruik om demone op ander oor te plaas."*

### IGLYNE AAN VERPLEEGKUNDIGES:

- 'n onwrikbare geloof in Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker;
- win kennis in oor satanisme, voordat 'n poging aangewend word om die adolessente te help;
- aanvaar die adolessent onvoorwaardelik;
- skep 'n veilige, konfidensiële omgewing vir die adolessent;
- werk in 'n span saam wat wedergebore Christene bevat, bestaande uit 'n prokureur, mediese dokter, geestelike berader, kerk, sielkundige, psigiater, psigiatriese verpleegkundige en polisie;
- skep 'n sterk persoonlike ondersteuningsraamwerk;
- gee die adolessent die geleentheid om herhaaldelik oor die gebeure te praat sonder veroordeling;
- leer hulle om weer in kontak te kom met hulle eie emosies;
- moet hulle nie voor 'n keuse tussen realiteite stel nie;
- betoon Christelike liefde teenoor hierdie adolessent;
- hou vol met hulpgewing totdat adolessent sterk genoeg is om self aan te gaan;
- moenie ongeduldig raak wanneer die adolessent terugvalle kry tydens hulpgewing nie; en
- betrek die ouers in die proses.

## EKORTKOMINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

Een van die tekortkominge was dat die een respondent nie meer 'n adolessent is nie, alhoewel sy in haar adolessensie jare by satanisme betrokke was, haar diepte van betrokkenheid is meer, as die deursnit adolessent wat betrokke was by satanisme, te wyte aan haar hoër rangorde (sy was 'n hoëpriesteres in 'n *coven*).

Albei respondente was vroulik. Ander gegewens sou moontlik verkry word indien 'n seun betrek kon word by die navorsing. Die respondente het geen vriende gehad nie. Die bandmasjien het 'n inhiberende effek op al die respondente gehad. Data wat andersins verkry kon word, is moontlik nie verkry nie.

'n Ander faktor kan wees dat die navorser vanuit 'n "nie-weet" posisie, in die navorsing ingegaan het. Die navorser vermoed dat verskillende data verkry sal word, afhangend van die onderhoud-voerder. Die basiese data verkry sal waarskynlik dieselfde bly.

Die hulpgewende professie moet kennis neem van die verskillende realiteite wat bestaan. Die realiteite veroorsaak verwarring vir almal wat betrokke is by hulpgewing aan adolessente wat betrokke was by satanisme.

Stemme is nie noodwendig skisofreniese stemme nie. Dit kan stemme vanuit 'n ander realiteit wees.

Die aanbeveling is dat 'n hulpverleningsmodel opgestel en geïmplementeer behoort te word, om hierdie adolessente op 'n konkrete manier te help.

Die hulpverleningsmodel moet wydverspreid bekend gestel word, sodat dit nie net beskikbaar is vir 'n "eksklusiewe" groepie mense nie. Verdere navorsing behoort onderneem te word, om die veld nog meer bekend te stel en om oordraagbaarheid te bewys.

## LOTSOM

Alles is nie noodwendig dit wat dit voorgee om te wees nie. Die verantwoordelikheid lê by die verpleegkundige en ander hulpgewende professies om alle moontlikhede te ondersoek en hulpgewing aan te pas sodat dit pas by die behoefte van dìe wat gehelp word.

## *BIBLIOGRAFIE*


**BOTES, A 1989.** 'n Model vir wetenskapsbeoefening in die verpleegkunde. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (D.Cur-proefskrif).

**BROWN, R 1991.** Hy het gekom om die gevangenis te bevry. Westdene: Evangelie Uitgewers.

*CITIZEN*, Johannesburg, 23 September 1992.

**CRESWELL, JW 1994.** Research design, qualitive and quantitative approaches. Thousand Oaks, California: Sage.

*DIE HUISGENOOT*, Johannesburg, 10 Augustus 1995.

**FRIESEN, JG 1992.** Uncovering the mystery of MPD. San Bernadino, ca, USA : Here's Life Publishers, Inc.

**GARDINER, J & H 1990.** Satanisme, Suid-Afrika se jeug in versoeking. Kaapstad: Blackshaws (Edms) Bpk.

**KVALE, S 1983.** The Qualitative Research Interview: a phenomenological and hermeunitical mode of understanding. **Journal of Phenomenological Psychology**, 14:171-196.

**LINCOLN,YS & GUBA, EG 1985.** Naturalistic Inquiry. Beverly Hills: Sage.

**MALAN, JS 1992.** Verleidende geeste. Silverton:Promedia Drukkers.

**ORAL ROBERTS UNIVERSITY : ANNA VAUGHAN SCHOOL OF NURSING 1990.** Selfstudy report, submitted to the Council of Baccalaureate and Higher Degree Program, National League of nursing, August 1990. Volume I - Narrative by Criteria. Tulsa, Oklahoma : Oral Roberts University : Anna Vaughn School of Nursing. pp 136-142.

**WOODS, NF & CATANZARO, M 1988**. Nursing research; theory and practice. St. Louis Mosby.


### GESPREKKE MET KUNDIGES

**Superintendent Kobus Jonker**, verbonde aan die okkulttak op nasionale vlak, gestasioneer in Pretoria (1996)

**Superintendent Robbie Rabbalt,** verbonde aan die okkulttak van die Vaaldriehoek -area (1996).

Onderhoude is ook gevoer met 'n kliniese sielkundige, **Nicolene** en 'n pastorale berader, **Lourens** , wat versoek het dat konfidensialiteit gehandhaaf word.